

Ons groen Pinkster

Ek is al 41 lank 'n dominee van hierdie sinode, en ek het nog nooit by 'n sinode gepraat nie. Ek sou graag die status quo wou handhaaf, toe bel Willie. Sal jy sê wat julle in julle Ring doen, en sommer 'n paar wenke ook. Wie kan vir Willie nee sê!

Die een ding wat ons in die Ring van Pietersburg/Polokwane gedoen het, en wat vir my uitstaan, was ons groen Pinkster in 2025. Aan die begin van die jaar stel ek 'n groen Pinkster voor. My kollegas stem dadelik in. As 'n tema besluit ons op: Asem vir die aarde. Dit was in die tyd toe George Floyd se "ek kry nie asem nie", nog vars in ons geheues was. As die aarde net 'n stem gehad het, of het sy, maar ons hoor haar nie, sou sy gesê het: Ek kry nie asem nie?

Ons 5 Pinkstertemas was:

1. Ons en God woon hier. Met ons bedoel ons alle lewe – die aarde is 'n tuiste vir alle lewe, en God woon ook hier. Die aarde is 'n geslote sisteem, iets soos 'n ruimtetuig wat teen 30 kilometer per sekonde deur die heelal klief. Dit is hoekom jou hare deurmekaar is as jy soggens opstaan.
2. God het alles in die hemel en op aarde met Hom versoen. Nie almal nie. Alles. (Kolossense 1). Maklik eis ons God se versoening net vir ons as mense op!
3. God hoor hoe die aarde sug, hoe sy na haar asem snak! Help, ek kry nie asem nie!
4. God versorg die aarde. Hy stel ons ook hiervoor aan. Die mens kry die opdrag om die "tuin" te bewerk en op te pas. Dit kan selfs sterker uit Hebreeus vertaal word: Om die tuin te "sjamar" en te "abad" – om dit te bewaar en te dien.
5. Om mededeelsaam, in eenvoud en sober te leef – Wanneer is genoeg genoeg? Hoeveel het ek werklik nodig om van te lewe?

Lidmate het dit oorwegend positief beleef.

Ons Ring het ook begin om ons omgewing skoon te maak. Ons grootste beweegrede van die begin af was nie net skoonmaak nie, maar bewus maak. Hierdie inisiatief sukkel om van die grond af te kom en met ons eerste skoonmaak daag daar net 4 Christene en 3

dominees op. Wat wel nou oral oor begin gebeur is groepe wat skoon maak. Politieke partye (ek hoop dit hou na die verkiesing), organisasies, skole, en ander. Was ons dalk die sneller!

As Ringsleraars lees ons elke kwartaal 'n ander boek. Ons hanteer verskillende “dissiplines”. So twee of drie kwartale gelede lees ons die boek van Ernst Conradie: Om hierdie wêreld as God se wêreld te sien. Kontra intuïtief. 'n Gevaarlike en verbysterende belydenis.

Wenke:

Vier jaarliks die Seisoen van die Skepping (1-4 Oktober. Gaan na Season of Creation se webtuiste: seasonofcreation.org vir idees.

Gebruik 'n paar Sondae, veral in September of Oktober vir Groen eredienste. Gee dan praktiese idees oor hoe lidmate groener kan lewe.

Kies iets wat julle spesiaal herwin – soos wit papier, of blikkies, plastiek, glas of batterye. Gebruik die 5 Erre! Werk net in Engels.

Refuse. Reduce. Reuse. Repurpose. Recycle.

Moedig jou gemeente om jaarliks op 22 April Aardedag, EARTHDAY.ORG te vier. Dit skep deelname en bewusmaking.

Gooi alle herwinbare afval in deursigtige of groen sakke. Die gaarders van herwinbare produkte sal dit gou agterkom. Hulle doen nie glas nie. Dit is te swaar.

Omhels eenvoud (Simplicity). Eenvoud is nie gelyk aan armoede nie. Armoede is hel.

Woon konferensies aanlyn by indien moontlik.

Covid het ons geleer dat ons van die huis af kan werk – al is dit net 'n dag of twee.

Verminder (veral enkelgebruik plastiek).

Ondersteun so ver as moontlik plaaslik. Die koolstofvoetspoor is baie kleiner.

Drink kraanwater waar dit veilig is. Dit neem 4 liter water om 1 liter bottelwater te produseer. Drie liter net om die plastiekbottel te vervaardig en dan die water self!

Toe dit baie droog was: Gebed vir reën

Verlede jaar, vroeg November, reël die kerke in Polokwane 'n biddag vir reën. Dit was bitter droog in ons provinsie. Soos ek geleer is, skrywe ek my gebed uit, maar ek sukkel. Ek kan

myself net nie sover kry om 'n gebed te skryf om te vra vir reën, het ek myself afgevra, as ek bydra tot die krisis? Ek vind 'n mooi gebed en verander dit in 'n verootmoediging wat ek voel, die geleentheid eerder moes wees. Die oggend van die biddag sak die moeder van alle storms uit en die helfte van die pastorie oorstrom toe 'n deel van die dak en die plafon ingee. Ek kan nie die biddag bywoon nie, maar stuur my gebed toe vir 'n kollega wat dit namens my gelees het. Dit gaan so:

Hemelse Vader, red ons van onself,
Hierdie ligsinnige self wat met U skepping speel;
Hierdie baasspelerige self wat U skepping manipuleer,
Hierdie hebsugtige self wat U skepping vir eie gewin uitbuit;
Hierdie morsige self wat rommel strooi;
Hierdie onverantwoordelike self wat ons opdrag om te bewaar en te dien versaak het

Skepperhere, vergewe ons dat ons so ligsinnig met U skepping omgaan.
Vergewe ons as daaroor baasspeel en dit uitbuit tot ons eie voordeel.
Vergewe ons ons hebsug wanneer ons U aarde uitbuit vir selfverryking
Vergewe ons ons morsige rommelstrooiery
Vergewe ons dat ons ons opdrag om te bewaar en te dien versaak het.

Genadig God,
dit is nie net mense wat ly wanneer dit droog is nie
Diere, plante, bome, visse voëls, alle lewe het slagoffers geword ons vergrype.
Die ganse skepping sug! Sy snak na haar asem
Ons het grootliks hierdie krisis oor onself gebring.
Here, vergewe ons.

Skepper Here, Genadige God, Gewer van alles goed
Ons kom smeek vir genade.
Ons kom pleit – gryp in ten spyte van ons.
Hoor ons Here, Hoor ons.
Ons smeek. Amen

Dankie! Vrae. As ek kan antwoord, sal ek, as ek nie kan nie. Phone a friend!

Tjaart Meyer